RÛENS KOLLEGE

OUERGIDS
2023

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding
2. Kommunikasie vanaf die skool
3. Skoolreëls en ouer verantwoordelikhede
4. Dissipline
5. Skooltye
6. Assessering en eksamen
7. Skoolklere en voorkoms
8. Direksie en personeel
9. Busse
10. Buitemuurse aktiwiteite
11. Inligtingsvergadering / Ouerafsprake
12. Musiek
13. Buitelugopvoeding
14. Skoolfonds, koshuis-etes en ander pryse
15. Leningsheffings
16. Ma-groepe
17. Arbeidsterapie dienste
18. Addisionele Klippie inligting
19. Addisionele Graad R-inligting
20. Addisionele Graad 1- tot 3-inligting
21. Skryfbehoeftes
22. Kwartaal datums vir 2023

1. INLEIDING

Rûens Kollege is ’n klein onafhanklike, Afrikaanse gemeenskapskool in die hartjie van die Overberg. Die rustige en veilige landelike omgewing skep die ideale atmosfeer waarbinne ons kinders aan die hand van Christelike waardes met die nodige vaardighede en kennis toegerus word.

Ons missie is tweeledig: Leer om te Lewe. Lewe om te leer. Dit word nagestreef deur Christelike waardes, kritiese denke, probleemoplossing, kreatiwiteit, aanpasbaarheid en samewerking te verweef in alle fasette van ons akademie, kultuur en sport.

Ons nooi u uit om te deel in ons visie vir gelukkige, selfversekerde, ingeligte en afgeronde kinders wat goed toegerus word vir die een-en-twintigste eeu.

2. KOMMUNIKASIE VANAF DIE SKOOL

Elke gesin ontvang elke tweede Vrydag 'n nuusbrief met inligting oor wat in die skool gebeur het, asook wat belangrik is vir die volgende twee weke.

Alle formele kommunikasie vanaf die skool word via die D6-toepassing gedoen. Laai asseblief die bostaande skakel af en kontak vir Mia du Toit by die skoolkantoor om te registreer.

Nuus oor prestasies en advertensies oor funksies word op Facebook en Instagram geplaas. Gaan "*Like*" Rûens Kollege op Facebook en Instagram om al die nuus te ontvang.

2.1 WEBTUISTE

Alle formele inligting aangaande die skool is op die skool se webblad (www.ruenskollege.co.za) beskikbaar.

2.2 KOMMUNIKASIEPROSES TUSSEN OUERS EN ONDERWYSERS

Die volgorde van kommunikasie en klagtes is as volg:

Stap 1	Kontak eers die betrokke onderwyser.
Stap 2	Kontak daarna die betrokke departementshoof indien die saak verdere aandag moet geniet.
Stap 3	Kontak die skoolhoof indien u voel dat die saak steeds verdere aandag moet geniet.
Stap 4	‘n Vergadering word gehou met die ouers, die betrokke onderwyser en die skoolhoof.

3. SKOOLREÈLS EN OUERVERANTWOORDELIKHEDE

Ons versoek vriendelik dat ouers nie tydens skooltyd na hul kinders se klasse gaan nie. Meld asseblief by die kantoor aan en die sekretaresse sal die betrokke leerder

roep of die boodskap oordra. Ouers is welkom om voor skool en na skool hul kinders af te sien of te kom haal.

Enige navrae of bekommernisse moet met die betrokke onderwyser of departementshoof bespreek of gereël word. Afsprake met onderwysers moet asseblief na skoolure geskeduleer word.

3.1 AFWESIGHEID EN HUISWERK

Indien u kind siek of afwesig is, moet u asseblief die hoof en onderwyseres in kennis stel. Ons sal u bystaan om die dag se huiswerk by u kind uit te kry.

3.2 KOSBLIKRIGLYNE

Leerders is welkom om Vrydae ‘n lekkertjie in te pak en daar word ook 'n snoepie gehou. Ouers is ook welkom om geld in die skool se rekening (2600142774) met die verwysing “snoepie en u kind se naam” in te betaal en die kinders koop dan op 'n koepon stelsel. Leerders kan kontant ook gebruik om by die snoepie te koop.

Ons doen 'n vriendelike beroep op u om asseblief die res van die week gesonde kos vir die leerders in te pak, soos byvoorbeeld broodjies, Provitas, ryskoekies, joghurt, wortelstokkies, neute, biltong, kasies en vrugte.

4. DISSIPLINE

Rûens Kollege is 'n waardegedrewe skool. Die leerders is bewus van ons skool se waardes en dit word weekliks met hulle behandel en ingeskerp.

Leerders word ook gemotiveer om die Christelike waardes daagliks uit te leef en ons fokus elke kwartaal op 'n ander waarde. Die leerders wat dit wel regkry om gedurende die kwartaal die waarde wat ons behandel het, goed uit te leef, word dan aan die einde van die kwartaal beloon.

5. SKOOLTYE

08:00 – 14:00	Maandag tot Donderdag
08:00 – 13:30	Vrydag
	Klippies en Graad R kan vanaf 13:00 verskoon word indien hulle nie van busvervoer gebruik maak nie.

6. ASSESSERINGS EN EKSAMEN

Daar vind 'n verskeidenheid van deurlopende assesserings gedurende elke kwartaal plaas. Leerders sal ’n week kennis ontvang vir enige formele assessering. Die doel van assessering is om onderrig en leer te rig en nie om punte bymekaar te maak nie.

Eksamens vir Graad 6 en 7 vind net gedurende Junie en November plaas.

7. RÛENS KOLLEGE SKOOLKLERE

7.1 SKOOLKLERE

KLIPPIES – Skoolklere is nie verpligtend nie.

GRAAD R – Die Graad R-leerders moet een stel skoolklere hê vir saalbyeenkomste en uitstappies. Die res van die tyd is skoolklere nie verpligtend nie.

GRAAD 1 – GRAAD 7 – Leerders dra daagliks volle skooldrag

SOMER:

- In die somer dra alle leerders ‘n navy skool kortbroek of skort en gholfhemp.
- Navy skoolpet, skool breërandhoed, navy skool visor (opsioneel)
- Skoenopsies:
    - Oorwegend wit tekkies met navy insetsels
    - Oorwegend navy tekkies met wit insetsels
    - Navy plakkies
    - Kaalvoet

PANTONE 2757

WINTER:

- In die winter dra alle leerders ‘n skoolsweetpak.
- ’n Langmou gholfhemp is ook beskikbaar (opsioneel).
- Serpe, musse en handskoene – slegs navy
- Vanaf 2023 gaan ’n warm wintersbaadjie bekendgestel word
- Skoenopsies:
    - Oorwegend wit tekkies met navy insetsels
    - Oorwegend navy tekkies met wit insetsels

PANTONE 2757

7.2 SPORT

- Dogters en seuns oefen sport in hul navy kortbroek/skort en navy / wit Rûens sporthemde.
- Tekkies is verpligtend by netbal, tennis en krieket - plakkies word nie beskou as gepaste sportdrag nie.
- Rugbytruie asook netbaldrag is by die klerewinkel beskikbaar.
- Vir swem en tweekamp dra leerders ’n amptelike skoolswembroek met ’n bril en Rûens swempet.

7.3 NETHEID

DOGTERS

Hare:

- Lang kuiwe moet asseblief vasgesteek word.
- As hare aan kraag raak, moet dit asseblief vasgemaak word.
- Linte, kopbande, "alice bands" of knippies moet wit of navy wees.
- Die kleur van hare word nie toegelaat nie.

Juwele:

- Slegs goue of silwer "studs" of ringetjies word toegelaat.
- Geen gekleurde oorbelle of "studs" met steentjies in nie.

- Geen kettinkie om nek, armband of ring nie.
- Geen naellak op toon- of vingernaels nie.

SEUNS

Hare:

- Kuiwe moet kort en netjies wees.
- Hare moet kort genoeg wees sodat dit nie oor die kraag hang nie.
- Hare moet kort genoeg wees sodat dit nie aan ore raak nie.
- Die kleur van hare word nie toegelaat nie. Die dra van ‘n “step” in die hare, word nie toegelaat nie. Hare moet geleidelik uitgedun word

8. DIREKSIELEDE

Dirk Hanekom - Voorsitter
Seppie Morkel
Inge Beyers
Zoon Jacobs
Wessel-Jan van Deventer
Wikus Bester
Hendrik de Kock

PERSONEEL

Klippies	Randie Lesch	072 368 9546
Graad R	Marilee Germishuys	073 404 0583
Graad 1 en GF Departementshoof	Lizette Naudé	072 342 9238
Graad 2	Ruzanne le Roux	082 3877744
Graad 3	Vivian-Ann Meyer	084 392 3785
Graad 4	Megan Steyn	084 568 4305
Graad 5	Niki Stofberg	076 874 8383
Graad 6	Ruan Westraad	083 652 8194
Graad 7	Rina van Zyl	071 871 5434
Finansies en Administrasie	Mia du Toit	083 774 8876
Skoolhoof	JJ Westraad	083 604 1789
Koshuis	Marica Lourens	071 599 7299

9. BUSSE

KONTAKPERSONE:
DIE SKOOL IS NIE IN BEHEER VAN DIE BUSSE NIE

Napier	Andrè Wessels	082 444 4969
Bredasdorp	Lourens van Schoor	082 4999 931
Riviersonderend	Hans-Jurie Human	082 9626 622
Van Brakel	Josef Dreyer	082 6546 248

10. BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Somersport

Swem is ‘n fokus somer- en wintersport en word geprioritiseer vir die liggaamlike en skolastiese voordele wat dit bied. Die onderdak, verhitte swembad bied die kinders toegang tot baie swemklinieke en uitsonderlike afrigting, binne en buite skoolure. Rûens is reeds alombekend vir die welslae wat sy kinders in hierdie sportgebied behaal het.

Tweekamp en soms ook Driekamp (swem, fietsry en hardloop) word as ‘n veelsydige multi-sport opsie aangebied. ‘n Verskeidenheid van beide skoolbyeenkomste en bykomende privaatkompetisies bied geleenthede vir prettige tot meer kompeterende deelname.

Alhoewel massadeelname in Atletiek aangemoedig word tydens ons Inter-huis byeenkoms, presteer ons atlete jaarliks ook op individuele gebied goed in Inter-skole, Suidpunt en selfs op Wes-Kaap vlak.

Daar is weekliks een middag vir die senior fase leerders en grondslagfase leerders (rooi- en oranjekol) oefenwedstryde direk na skool wat deur onderwysers gefasiliteer word. Verder is daar weekliks ‘n professionele tennisafrigter in klein groepies afgerig en daar word die keuse van meer individuele afrigting gebied, sou daar ‘n behoefte aan privaatafrigting wees.

Die fokus in krieket is op vaardigheidsontwikkeling en dit word dikwels deur middel van aksiekrieketwedstryde en –toernooie ingeoefen. Die waarde en waardigheid van elke deelnemende speler word by sulke geleenthede benadruk en ‘n liefde en begrip vir krieket word op ‘n genotvolle en aksiebelaaide wyse aan al die kinders oorgedra.

Sportroosters per fase word aan die begin van elke kwartaal aan ouers via D6 gestuur.

Wintersport

Ons binnenshuise swemgeriewe bied kinders die geleentheid om reg deur die jaar aktief aan swem te kan deelneem en daar hoef dus geen onderbreking in die afrigting van ontwikkelende of presterende swemmers te wees nie.

Die landelike omgewing maak deelname aan landloop ‘n gesonde opsie vir almal en dit bly dus een van ons gewilde sportkeuses vir die winter.

Die seuns neem aktief deel aan rugby en spanne word saamgestel soos die getalle in die verskeie ouderdomsgroepe dit toelaat. 7-man en 10-man spanne is gewilde opsies en elke seun word die geleentheid gegun om deel te wees van die beste skoolspan in sy ouderdomsgroep.

Netbal is ‘n gunsteling onder die meisies en die fokus op vaardigheidsontwikkeling bied aan elke ontwikkelende speler die kans om aktief op elke vlak van hierdie gewilde spansport deel te neem.

Sportroosters per fase word aan die begin van elke kwartaal aan ouers via D6 gestuur.

11. INLIGTINGSVERGADERING / OUERAFSPRAKE

Die eerste Donderdag van die eerste kwartaal is daar 'n Inligtingsvergadering by u kind se klasonderwyseres. Alle ouers kry die geleentheid om hul kind se juffrou te ontmoet en presies uit te vind hoe elkeen se werkswyse is. Dit is ook die geleentheid waar ouers hul vrae en onsekerhede uit die weg kan ruim.

Elke eerste Donderdag van die tweede, derde en vierde kwartaal sal u as ouers 'n brief ontvang waar ons of vir u vra om ons asseblief te kom sien oor u kind se vordering of dat ons tevrede met u kind se vordering is. U is steeds welkom om enige tyd 'n afspraak met u kind se onderwyseres te maak as u die behoefte het om oor u kind se vordering te gesels.

12. MUSIEK

Klasmusiek:

Leerders sing en ervaar musiek op ‘n praktiese wyse in die klas. Leerders word blootgestel aan musikale konsepte soos ritme, polsslag en toonhoogte.

Privaat lesse:

Privaat lesse is beskikbaar vir leerders vanaf Graad 1 tot 7. Dit bestaan uit praktiese en teoretiese komponente. Leerders (Graad 2 tot 7) sal weekliks 25 minute praktiese en 25 minute teorielesse hê. Graad 1-leerders sal net een praktiese les per week hê, maar sal af en toe ‘n teorie werkstuk tydens hul lestyd voltooi.

Kitaar en blokfluit sal in groepe aangebied word, tensy ‘n leerder meer gevorderd is. Klavier word individueel aangebied.

Kostes:

Groep tariewe: R440 per kwartaal
Individuele tariewe: R880 per kwartaal
Dit sluit ten minste 7 lesse per kwartaal in.

13. BUITELUGOPVOEDING

Ons glo dat kinders die beste in konteks en uit eerstehandse ervarings leer. Die direkte omgewing waarin ons skool geleë is bied ongelooflike geleenthede om die fauna en flora van die bedreigde Renosterveld te leer ken.

Die Overberg bied ryk en diverse geleenthede om die opvoeding van ons kinders te komplimenteer. Elke klas word ten minste een keer per kwartaal op ’n opvoedkundige uitstappie in ons omgewing geneem.

14.SKOOLFONDS EN ANDER PRYSE

a) Skoolfonds

- Skoolfonds is vir 12 maande vooruitbetaalbaar teen die 4de van elke maand.
- Die Klippies het ’n opsie om 3 dae of 5 dae skool toe te gaan.
- Skoolfonds kan maandeliks, kwartaalliks, half-jaarliks of jaarliks betaal word.
- Gebruik die volgende bankbesonderhede vir skoolfonds, musiek, uitstappies, snoepie en ledegeld.

Rûens Kollege
ABSA BANK
TAKKODE: 632005
*REKNR: **2600 142 774***
VERWYSING: Rek Nr bv D002 Du Toit Johannes

b) Skoolklere

- Skoolklere verkope word deur Mia du Toit behartig.
- Gebruik die volgende bankbesonderhede vir skoolklere, leningsheffing en fondsinsamelings.

Rûens Kindertrust
ABSA BANK
TAKKODE: 632005
*REKNR: **2600 142 928***
VERWYSING: Rek Nr bv D002 Du Toit Johannes

c) Koshuis

- Daar word vanaf Maandag tot Vrydag middagetes in die koshuis eetsaal aangebied.
- Ouers bespreek vooraf ‘n week se etes en dit word aan die einde van die maand op u rekening gehef.
- Daar is drie ete opsies met betrekking tot porsiegrootte.
- Kontak Marica by 0715997299 vir navrae of besprekings
- Permanente koshuisverblyf is beskikbaar vanaf Maandag tot Vrydag vir leerders.
- Gebruik die volgende bankbesonderhede vir koshuisverblyf en middagetes.

Rûens Kollege Trust
ABSA BANK
TAKKODE: 632005
*REKNR: **4082041072***
VERWYSING: Rek Nr bv D002 Du Toit Johannes

15. LEDEGELD EN LENINGSHEFFING

a) Ledegeld:

Die ledegeld gee ouers stemreg tydens jaarvergaderings.
Ledegeld is R50 per ouer/stem en betaalbaar in die skoolfonds rekening.

b) Leningsheffing vir 2023

Die leningsheffing is betaalbaar per gesin met toelating tot Rûens Kollege. Die bedrag is terugbetaalbaar wanneer die laaste kind in die gesin die skool verlaat.

Die leningsheffing beloop R4 000 per gesin en word in die Kindertrust rekening inbetaal.

16. MA-GROEPE

Een van die hoekstene van Rûens Kollege se sukses is ons skool se ouerbetrokkenheid. Ma's word in werksgroepe ingedeel en sal van tyd tot tyd versoek word om te werk tydens sportaangeleenthede of funksies.

Rûens het 'n ouerkomitee met die naam **O**uers **M**et **T**rots beter bekend as die OMT.

Die sameroeper van die OMT is Colleen van Deventer en die Ma-Groepe se indeling sal deur Helia Wessels behartig word.

Binne elke ma-groep sal elke ma 'n beurt kry om die sameroeper van 'n funksie of geleentheid te wees.

Die Klippie-groepe werk nie tydens sportbyeenkomste en funksies waarby hul kinders nog nie betrokke is nie. Hierdie groepe kan wel gevra word vir groot funksies ten bate van fondsinsamelings asook met Kleuteratletiek, Prysuitdeling en Oupa- en Oumadag.

Werking van die groep is as volg: alle bestanddele/benodigdhede vir 'n funksie word deur die groep aangekoop en gemaak. Die sameroeper van die groep kan ook die aankope doen en dan deel tussen die groep. Voordat enige persoon aankope doen wat hulle wil terugeis moet hulle toestemming by Colleen kry. Skenkings is altyd welkom.

17. ARBEIDSTERAPIE DIENSTE BY DIE SKOOL BESKIKBAAR

Rûens Kollege bied aan alle Klippies tot Graad 1 leerders die geleentheid tot deelname aan 'n grofmotoriese, fynmotoriese en perseptuele stimulasie program wat aangebied word deur Lisa Muir, 'n arbeidsterapeut, wat betrokke is by ons skool.

Hiérdie program word op 'n weeklikse basis in klasverband aangebied en fokus op die ontwikkeling, ontdekking en stimulasie van leerders se grofmotoriese-, fynmotoriese- en perseptuele vaardighede. Ons probeer gedurende hierdie program fokus op die bevordering van leerders se spiertonus, uithouvermoë, posturale stabiliteit, balans, koördinasie, midlynkruisingsvaardighede, skouerstabiliteit en liggaamsbeweging. Kostes vir hierdie program is ingesluit by leerders se skoolfonds.

Ons het ook nog 'n arbeidsterapeut wat privaat Arbeidsterapie sessies hier by die skool aanbied. Hierdie sessies kan in skooltyd vir die leerders geskeduleer word wat enige ontwikkelingsstruikelblokke ervaar en kan baatvind by individuele aandag en ondersteuning. Vir enige navrae, kontak gerus vir Maryke van Rhyn by 0846788844.

18. ADDISIONELE KLIPPIE INLIGTING

Klippies

1. Dagprogram, werkswyse en ekstra programme

- Opvoedkundige spel voor skool, behalwe as ons assesseer
- Die kleuters kry die geleentheid om deur spel te leer, sy/haar wêreld uit te brei en met ‘n verskeidenheid media te eksperimenteer. Daar word egter klem gelê op leer deur spel. Hulle moet ook leer om ‘n roetine te volg en aan die eise van die klaskamersituasie te voldoen.
- Ekstra programme wat by Rûens Kollege aangebied word as deel van ons dagprogram:
    - Sang (Musiekonderwyseres)
    - Swem en Waterveiligheid (Randie Lesch en Mientjie Beyers)
    - Stimulasie Program (Lisa Muir)
    - Rekenaarvaardighede (Cami Perseptueel)
    - Sport tydens skoolure (balvaardighede)
    - Tennis (Privaat lesse - Philip van den Heever)
    - Arbeidsterapie (Privaat – Maryke van Rhyn)

2. Kommunikasie

Laat weet asseblief as iets by die huis gebeur het wat u kind se werk of emosies kan beïnvloed.

3. Skoolure

- 08:00 – 13:00 Verpligtend
- Maandag tot Donderdag: 13:00 – 14:00 Vryspel buite
- Vrydag 13:00 – 13:30 Vryspel buite

4. Toesig

Daar is van 07:45 af volwasse toesig by die klaskamer.

5. Toiletgewoontes

Ons het ‘n gereelde toilet roetine, maar geen kind word ooit geweier om tussenin ook toilet toe te gaan nie. As u kind hulp nodig het, moet hul net vir Juffrou Randie of Tannie Belinda kom vra.

6. **Blitsige Breintjies en Lim**
   Ons maak gebruik van die opvoedkundige programme Blitsige Breintjies en Lim.

7. **Huiswerk**
   - Plastiek boeksakkie met "Flip file" vir huiswerk en briewe.
   - Elke week word daar ‘n inligtingsblad uitgegee. Haal asseblief die brief uit en sit dit teen u yskas of enige plek waar dit nie vergete sal bly nie.
   - Bring “ietsie” vir ons tema-tafel. Ons temas sal op elke week se inligtingsblad verskyn.
   - Alle briewe word voor in "Flip file" geplaas en alle ander formele kommunikasie vanaf die skool word via die D6-toepassing gedoen.
   - Geld moet in 'n gemerkte koevert of banksakkie skooltoe gestuur word.
   - Plastiek boeksakkie moet asseblief elke dag in die kind se tas wees.

8. **Vorderingsverslae.**
   Leerders kry ‘n volledige vorderingsverslag aan die einde van elke kwartaal.

9. **Kleredrag**
   - Kinders moet asseblief ou klere aantrek, want leer deur speel is vir ons belangrik en op hierdie manier raak ons kinders opvoedkundig vuil.
   - Daar moet altyd ‘n ekstra stel klere in u kind se tas wees, veral onderklere.

10. **Kosblikriglyne**
    Leerders is welkom om Vrydae ‘n lekkertjie in te pak en daar word ook 'n snoepie gehou. Die leerders is dan welkom om 'n geldjie skooltoe te bring. Ouers is ook welkom om geld in die skool se rekening met die verwysing “snoepie” in te betaal en die kinders koop dan op 'n koepon stelsel. Leerders kan kontant ook gebruik om by die snoepie te koop.

    Ons doen 'n vriendelike beroep op u om asseblief die res van die week gesonde kos vir die leerders in te pak, soos byvoorbeeld broodjies, Provitas, ryskoekies, joghurt, wortelstokkies, neute, biltong, kasies en vrugte.

11. **Swem**
    - Die dae wissel vir die verskillende ouderdomme.
    - Elke leerder moet 'n swembroek, swempet en handdoek bring en alle klere moet gemerk wees.
    - ’n Volledige rooster sal later aan u deurgestuur word.
    - Ons fokus op waterveiligheid

12. **Bywoning van skool**
- Voorgestelde dae vir Klippies
  Indien u die 3-dag opsie vir u Klippie kies, wil ons graag vra dat u u kind op die volgende dae sal stuur sodat almal nie op dieselfde dae kom nie.

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
3- en 4-jariges	5-jariges	3- en 4-jariges	5-jariges	Almal

13. Afwesigheid

- Laat weet my per WhatsApp / SMS die vorige aand of vroeg die oggend.

14. Ouer afsprake

- Vind aan die begin van elke kwartaal plaas.

15. Behoeftes

- Enige ou klere vir fantasie
- Afvalprodukte soos koerantpapier, wol, koeldrankdoppies, ens.

6. Belangrike inligting

Indien ons bewus moet wees van enige allergieë wat u kind mag hê, stel ons asseblief in kennis daarvan.

17. Skryfbehoeftes

Skryfbehoefte pakkette is by Premium Computers op Bredasdorp beskikbaar teen bekostigbare pryse. U is nie verplig om daar te koop nie. Dis net vir u gerief.

VOLLE KLIPPIES PAKKET IS R 252

1 x Voorskoot (merk asseblief)
2 x Pritt (22g)
1 x Monami Uitdraaikryte (12)
1 x Plastiek sakkie vir huiswerk A4 (Meeco Zipper book bag)
2 x A4 "Flipfile" (30)

Belangrike gesertifiseerde dokumente wat ook asseblief skooltoe gestuur moet word op die 1ste dag van die nuwe jaar:

- ID-foto
- Geboortesertifikaat
- "Road to Health Chart"
- Rapporte van vorige skool (indien van toepassing)
- Verslae van u kind wat getoets is (spraakterapeut, oogarts, arbeidsterapeut, kindersielkundige, ens.)

Randie Lesch

0723689546

19. ADDISIONELE GRAAD R INLIGTING

Graad R



1. Akademie en ekstra programme

- Die KABV word gevolg as basis en riglyn, maar ons werk baie aanvullend met ander pakkette.
- Ekstra programme wat by Rûens Kollege aangebied word as deel van ons dagprogram:
  - Sang (Musiekonderwyseres)
  - Swem en Waterveiligheid (Mientjie Beyers en Marilee Germishuys)
  - Swem (Privaat lesse - Rina van Zyl)
  - Stimulasie program (Lisa Muir)
  - Rekenaarvaardighede (Cami Perseptueel)
  - Kuns (Martie Lochner)
  - Sport tydens skoolure (balvaardighede, krieket, atletiek, tennis, rugby en netbal)
  - Tennis (Privaat lesse - Philip van den Heever)
  - Arbeidsterapie (Privaat – Maryke van Rhyn)

2. Kommunikasie

Laat weet asseblief as iets by die huis gebeur het wat u kind se werk of emosies kan beïnvloed.

3. Skoolure

- 08:00 – 13:00 Verpligtend
- Maandag tot Donderdag: 13:00 – 14:00 Vryspel buite
- Vrydag 13:00 – 13:30 Vryspel buite

4. Toesig

Daar is van 07:45 af volwasse toesig by die klaskamer.

5. Toiletgewoontes

Leerder moet op sy/haar eie die kleedkamers kan gebruik.

6. Huiswerk

- Plastiek boeksakkie met "Flip file" vir huiswerk en briewe.
- Elke week word daar ‘n inligtingsblad uitgegee. Haal asseblief die brief uit en sit dit teen u yskas of enige plek waar dit nie vergete sal bly nie.
- Bring “ietsie” vir ons tema-tafel. Ons temas sal op elke week se inligtingsblad verskyn.
- Alle briewe word voor in "Flip file" geplaas en alle ander formele kommunikasie vanaf die skool word via die D6-toepassing gedoen.
- Geld moet in 'n gemerkte koevert of banksakkie skooltoe gestuur word.
- Plastiek boeksakkie moet asseblief elke dag in die kind se tas wees.

7. Vorderingsverslae.

Leerders kry ‘n volledige vorderingsverslag aan die einde van elke kwartaal.

8. Kleredrag

Die Graad R-leerders moet een stel skoolklere hê vir saalbyeenkomste en uitstappies. Die res van die tyd is skoolklere nie verpligtend nie.

9. Kosblikriglyne

Leerders is welkom om Vrydae ‘n lekkertjie in te pak en daar word ook 'n snoepie gehou. Die leerders is dan welkom om 'n geldjie skooltoe te bring. Ouers is ook welkom om geld in die skool se rekening met die verwysing “snoepie” in te betaal en die kinders koop dan op 'n koepon stelsel. Leerders kan kontant ook gebruik om by die snoepie te koop.
Ons doen 'n vriendelike beroep op u om asseblief die res van die week gesonde kos vir die leerders in te pak, soos byvoorbeeld broodjies, Provitas, ryskoekies, joghurt, wortelstokkies, neute, biltong, kasies en vrugte.

Leerders is welkom om Vrydae ‘n lekkertjie in te pak en daar word ook 'n snoepie gehou. Die leerders is dan welkom om 'n geldjie skooltoe te bring. As gevolg van COVID-19 betaal die ouers op die oomblik geld in die skool se rekening met die verwysing “snoepie” en die kinders koop dan op 'n koepon basis. Leerders kan kontant ook gebruik om by die snoepie te koop. Ons doen 'n vriendelike beroep op die ouers om asseblief die res van die week gesonde kos vir die leerders in te pak soos byvoorbeeld broodjies, provitas, ryskoekies, joghurt, wortelstokkies, neute, biltong, kasies en vrugte.

10. Swem

- Die dae wissel vir die verskillende ouderdomme
- Elke leerder moet 'n swembroek, swempet en handdoek bring en alle klere moet gemerk wees.
- Volledige rooster sal later aan u deurgestuur word.
- Ons fokus op waterveiligheid

11. Afwesigheid

- Laat weet my per WhatsApp / SMS die vorige aand of vroeg die oggend.

12. Ouer afsprake

- Vind aan die begin van elke kwartaal plaas.

13. Behoeftes

- Enige ou klere vir fantasie
- Afvalprodukte soos koerantpapier, wol, koeldrankdoppies, ens.

14. Belagrike inligting

Indien ons bewus moet wees van enige allergieë wat u kind mag hê, stel ons asseblief in kennis daarvan.

15. Skryfbehoeftes

- Skryfbehoefte pakkette is by Premium Computers op Bredasdorp beskikbaar teen bekostigbare pryse. U is nie verplig om daar te koop nie. Dis net vir u gerief.

VOLLE GRAAD R PAKKET IS R 682

2 x Driehoek beginner potlode Jumbo
8 x Pritt (22g)
2 x Monami Uitdraaikryte (12)
2 x Plastiek sakkie vir huiswerk A4 (Meeco Zipper book bag)
2 x A3 "Flipfile" (20)
3 x A4 "Flipfile" (30)

Belangrike gesertifiseerde dokumente wat ook asseblief skooltoe gestuur moet word op die 1ste dag van die nuwe jaar:

- ID-foto
- Geboortesertifikaat
- "Road to Health Chart"
- Rapporte van vorige skool
- Verslae van u kind wat getoets is (spraakterapeut, oogarts, arbeidsterapeut, kindersielkundige, ens.)

Marilee Germishuys
0834040583

20. ADDISIONELE GRAAD 1 – 3 INLIGTING

Graad 1 - 3

1. Akademie en ekstra programme

- Die KABV word gevolg as basis en riglyn, maar ons werk met ander pakkette soos Getalbegrip- en probleemoplossingbenadering.

- Ekstra programme wat by Rûens Kollege aangebied word as deel van ons dagprogram:
    - Sang (Musiekonderwyseres)
    - Swem (Privaat lesse - Rina van Zyl)
    - Stimulasie Program (Lisa Muir)
    - Rekenaarvaardighede (Cami Perseptueel)
    - Kuns (Martie Lochner)
    - Skaak (Ruan Westraad)
    - Robotika en Kodering (Ruan Westraad)
    - Sport tydens skoolure (balvaardighede, krieket, atletiek, tennis, rugby en netbal)
    - Tennis (Privaat lesse - Philip van den Heever)
    - Arbeidsterapie (Privaat – Maryke van Rhyn)

2. Kommunikasie

Laat weet asseblief as iets by die huis gebeur het wat u kind se werk of emosies kan beïnvloed.

3. Huiswerk

Dit behoort nie langer as 25 minute te neem nie. Ons fokus op leeswerk, getalkombinasies en spelwoorde in beide tale. Ons wil graag hê ons kinders moet speel in die middag en kwaliteit tyd as gesinne spandeer.

4. Vorderingsverslae.

Leerders kry ‘n volledige rapport aan die einde van elke kwartaal.

5. Kleredrag

Die leerders dra elke dag die volle skooldrag.

6. Kosblikriglyne

Leerders is welkom om Vrydae ‘n lekkertjie in te pak en daar word ook 'n snoepie gehou. Die leerders is dan welkom om 'n geldjie skooltoe te bring. As gevolg van COVID-19 betaal die ouers op die oomblik geld in die skool se rekening met die verwysing “snoepie” en die kinders koop dan op 'n koepon basis. Leerders kan kontant ook gebruik om by die snoepie te koop. Ons doen 'n vriendelike beroep op die ouers om asseblief die res van die week gesonde kos vir die leerders in te pak soos byvoorbeeld broodjies, provitas, ryskoekies, joghurt, wortelstokkies, neute, biltong, kasies en vrugte.

7. Swem

- Elke leerder moet 'n swembroek, swempet, swembril en handdoek bring en alle klere moet gemerk wees.
- Ons fokus nou meer op die aanleer van vryslag en rugslag.
- Volledige rooster sal later aan u deurgestuur word.

8. Ouer afsprake

- Vind aan die begin van elke kwartaal plaas.

9. Belangrike inligting

Indien ons bewus moet wees van enige allergieë wat u kind mag hê, stel ons asseblief in kennis daarvan.

21. SKRYFBEHOEFTES

Skryfbehoefte pakkette is by Premium Computers op Bredasdorp beskikbaar teen bekostigbare pryse. U is nie verplig om daar te koop nie. Dis net vir u gerief.

Graad 1 Skryfbehoeftes

Skryfbehoefte pakkette is by Premium Computers op Bredasdorp beskikbaar teen bekostigbare pryse. U is nie verplig om daar te koop nie. Dis net vir u gerief.

VOLLE GRAAD 1 PAKKET IS R 680,60
1 x Driehoek beginner potlood (Jumbo)
1 x Pakkie Triangle kleurpotlode (Jumbo)
3 x Staedtler HB potlode (grys)
1 x Skerpmaker (klein en groot gaatjies)
1 x Skêr
5 x Groot pritt 43g
3 x Witbordpenne (whiteboard markers)
1 x Groot potloodblik (Space Case)
1 x Pakkie inkleurpotlode (gewone dikte), verkieslik Colleen's
1 x Pakkie uitdraaikryte (Monami)
1 x Uitveër
1 x Liniaal
1 x Materiaal / Plastiek lêer of sakkie A4 (Meeco Zipper book bag)
3 x Plastiek "Flipfile" (30 sakkies)
3 x Pakkies vetkryte (11mm dikte)
1 x Roomysbak met kind se naam op (nie ingesluit by pakket)
1 x Navy skooltas (nie ingesluit by pakket)

Lizette Naudé
0723429238

Graad 2 Skryfbehoeftes

VOLLE GRAAD 2 PAKKET IS R 438,60
8 x HB Staedtler potlode
1 x Uitveër
1 x Skerpmaker
1 x Lang Liniaal
1 x Skêr
3 x Groot Pritt 43g
2 x Witbordpenne (whiteboard markers)
1 x Potloodblikkie (Space Case)
1 x Pakkie inkleurpotlode verkieslik Colleen's
3 x Plastiek “Flipfile” (30 sakkies)
1 x Materiaal / Plastiek lêer of sakkie (Meeco Zipper book bag)
1 x Roomysbak met kind se naam op (nie ingesluit by pakket)
1 x Navy skooltas (nie ingesluit by pakket)

Ruzanne le Roux
0823877744

Graad 3 Skryfbehoeftes

VOLLE GRAAD 3 PAKKET IS R 512,60
6 x Staedtler HB potlode
1 x Skerpmaker
1 x Skêr
4 x Groot pritt 43g
4 x Witbordpenne (whiteboard marker)
1 x Potloodblikkie (Space Case)
1 x Pakkie inkleurpotlode verkieslik Colleen's
2 x Uitveërs
1 x Liniaal
1 x Materiaal / Plastiek lêer of sakkie (Meeco Zipper book bag)
2 x Plastiek "Flipfile" (30 sakkies)
1 x Plastiek "Flipfile (50 sakkies)
1 x Navy skooltas (nie ingesluit by pakket)

Vivian-Ann Meyer
0843923785

Graad 4 en Graad 5 Skryfbehoeftes

VOLLE PAKKET IS R 427,04
8 x HB –Potlood/Pacer met die HB punte
2 x Sagte uitveër
1 x Liniaal
1 x Skerpmaker
1 x Pakkie Inkleurpotlode
1 x Pakkie van 4 'Highlighters' (merkers)
2 x Flip File (30)
5 x A4 Verskillend gekleurde kartonblaaie vir afkortings in Flip file
4 x Pritt
1 x Skêr
2 x "Exam pads" (eksamenblok)
1 x Potloodsakkie / blikkie
1 x Flip File (10)

Die skryfbehoeftes moet in 'n groot genoeg sakkie of space case gesit word sodat die leerder die liniaal ook daarin kan bêre.

Graad 6 en Graad 7 Skryfbehoeftes

VOLLE PAKKET IS R 753,13
8 x HB –Potlood/Pacer met die HB punte
4 x blou/swart bolpunt penne (wat nie klad nie)
2 x Sagte uitveër
1 x Liniaal
1 x Skerpmaker
1 x Pakkie Inkleurpotlode
1 x Pakkie van 4 'Highlighters' (merkers)
1 x Meetkundestel
3 x Flip File (30)

5 x Verskillend gekleurde kartonblaaie vir afskortings in Flip file
4 x Pritt
1 x Casio FX – 82 ZA+ Sakrekenaar
1 x Skêr
2 x A4 "Exam pads" (eksamenblok)
1 x Potloodsakkie / blikkie
1 x Flip File (10)

Die skryfbehoeftes moet in ‘n groot genoeg sakkie of space case gesit word sodat die leerder die liniaal ook daarin kan bêre.

22. KWARTAAL DATUMS VIR 2023

1ste Kwartaal
Skool open - 17 Januarie 2023
Skool sluit - 31 Maart 2023

2de Kwartaal
Skool open - 12 April 2023
Skool sluit - 23 Junie 2023

3de Kwartaal
Skool open - 18 Julie 2023
Skool sluit - 22 September 2023

4de Kwartaal
Skool open - 10 Oktober 2023
Skool sluit - 8 Desember 2023